Dividends paid to non-controlling interest	(806)	(946)	–	–
Net cash (utilised in)/generated from financing activities	(88 190)	57 167	(60 721)	(21 244)
Decrease in cash and cash equivalents	(244 299)	(107 725)	(185 428)	(118 579)
Cash and cash equivalents at beginning of year	(389 787)	(282 062)	(412 294)	(293 715)
Cash and cash equivalents at end of year	(634 086)	(389 787)	(597 722)	(412 294)

AANTEKENING 1

Basis van voorbereiding

Die opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state is opgestel vanuit die volledige geauditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020.

Hierdie opgesomde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state vervat die afsonderlike en gekonsolideerde state van finansiële posisie en afsonderlike en gekonsolideerde state van omvattende inkomste en kontantvloeie soos vervat in die geauditeerde afsonderlike en gekonsolideerde finansiële state, sonder enige aansuiwerings of samevoegings.

NOTE 1

Basis of preparation

The summary separate and consolidated financial statements have been compiled from the full set of audited separate and consolidated financial statements for the year ended 29 February 2020.

The summary separate and consolidated financial statements, which comprise the separate and consolidated statements of financial position and separate and consolidated statements of comprehensive income and cash flows, are derived from the audited separate and consolidated financial statements, without any changes or off-setting.

SENTRAAL-SUID KOÖPERASIE BPK EN SY FILIALE FINANSIELÉ BESTUURSOORSIG 2020

AGTERGROND

'n Mens kyk elke jaar terug en dink dat meer ongewone omstandighede sekerlik nie weer kan voorkom nie. Wel, 2020 het hier nie teleurgestel nie. Dit is veral die gebeure na jaareinde wat hier die grootste impak laat. Die impak van die COVID-19 pandemie op mense van oor die wêreld heen asook die globale ekonomiese insakkung wat dit veroorsaak het, is op almal se lippe. Hoe lank dit gaan neem om die effekte van hierdie pandemie te oorkom, is nou te vroeg om te raai, maar dat die uitwerking wesenlik gaan wees, is seker. Tesame hiermee, woed daar ten tyde van hierdie skrywe globale chaos, met optogte en oproer in die grootste stede in die wêreld wat ontloot is deur rassespanning in Amerika en die Amerikaanse polisie wat hulself hier in die middel van die storm bevind. Die tendens van demokratiese verkiesings wat outokratiese onkonvensionele leiers verkies, stoom gewoon voort en duï sekerlik aan dat die landsburgers van hierdie lande keelvol is vir die politieke status quo. Dat hierdie aksies gevaarlik is, is seker, soos gesien kan word in die leierskap van Pres. Jair Bolsonaro van Brasilië, Pres. Donald Trump van die VSA, asook Eerste Minister Boris Johnson van die Verenigde Koningryk. Laasgenoemde land het offisieel uit die EU getree en net tyd sal leer of hierdie besluit die regte roete is. Ekonomies is dit sekerlik nie. As ons 'n tree terug gee, is dit nie vergesog dat die pad wat nou gevolg word moontlik kan lei tot wesenlike konfrontasie in die afsienbare toekoms nie.

Die Rand was een van die groot verloorde van die COVID-19 pandemie, met Moodys wat hul tydsberekening van hul afgradering na rommelstatus nie slegter kon beplan het nie. Harde kommoditeitspryse (met die uitsondering van goud) het grotendeels onveranderd gebly gedurende die laaste jaar en die meeste mynhuise het hierdie situasie verwelkom om meer stabiliteit in hul aandeelprys te bring. Pres. Ramaphosa se inklusiewe leierskap word hewig gekritiseer, met baie ontleders wat voel dat sy voorkeur vir konsensus-besluitneming die effektiwiteit van sy leierskap oorskadu. Min vordering word getoon op die gebiede waar die nood die grootste is. Die ondersoeke na die korruksie wat plaasgevind het gedurende die termyn van oud-Pres. Jacob Zuma vorder teen 'n frustrerende slakkepas. Daar is min politieke wil om dit te dryf. SAL is in besigheidsredding en, met geen vliegtuie in die lug vir die laaste paar maande nie, is die vooruitsig baie donker. Daar is vordering by Eskom, maar of dit te laat is om die struikelende energieverskaffer te red, sal ons binnekort kan sien. Dat die wêreld, en veral Suid-Afrika, samewerking nou broodnodig het, is voor die hand liggend. Hoe anders gaan ons saam wen?

Die Rand se verswakking teen die Dollar was brutaal en dit verhandel tans (Junie 2020) teen R17.03 teen die Dollar. Dit is 15% swakker as verlede jaar hierdie tyd. Dit lei uiteraard tot verhoogde koste van invoere, met die gevolg dat die plaaslike ekonomie minder ingevoer het omdat die vraag na hierdie produkte en dienste afgeneem het. Die effek wat die onsekerheid oor voedselverskaffing in hierdie verwarrende omstandighede het, kan op die prys van landboukommoditeite gesien word. Dit het tot groot toenames in die prys van graankommoditeite geleid, met veral die prys van koring wat wesenlik gestyg het. Dit is 'n welkome vooruitsig vir die produsente van hierdie kommoditeite in Suid-Afrika, maar slechte nuus vir verbruikers van meel en ander gekoppelde landbouprodukte.

Daar was nog geen vordering met die voorgestelde wysiging van die grondwet om vir die onteiening van grond sonder vergoeding voorsiening te maak nie. Die implementering hiervan, en die bewoording van hierdie wysiging, is steeds nie bekend gemaak nie. Hierdie onsekerheid het tot gevolg dat landbouers en ander besighede in die landbouwaardeketting huiwerig is om grootskaalse kapitale investering aan te gaan.

SSK se bedieningsgebied het weer 'n jaar van uiterste ongunstige weerstoestande beleef, met veral lae reënvalsyfers wat wydverspreid gerapporteer is. Damvlakke is steeds onder druk en veral veeboere loop gebukkend onder die addisionele koste van voer om hul kernkuddes in stand te hou. Die nuwe plantseisoen is nou afgehandel en daar het welkome reën eind Mei en begin Junie in die Suid-Kaap gevall. Die graanopkoms is goed, en die snerpende koue wat tans ervaar word, is uitstekend vir die graan op hierdie groeistadium.

Vooruitsigte dui tans op verhoogde plaaslike koring- en canolapryse. Daar is egter onsekerheid oor die vraag na moutgars. Die impak van die alkoholverbod tydens die nasionale inperking het AB InBev se garsverbruik 'n nekslag toegedien. Vooruitsigte vir van die ander landbousektore is soos volg:

- Die suiwelbedryf het 'n moeilike jaar beleef, alhoewel voerprysse meerendeels stabiel gebly het. Die watertekort a.g.v. die droogte het weidings onder druk geplaas.
- Die vrugte- en wynbedrywe het gemiddelde oeste ervaar, veral gegewe die watertekort wat geleei het tot beskermende boerderypraktyke, met gevolglike laer opbrengste. Internasionale prysse van vrugte het gedaal, maar die massiewe verswakking in die wisselkoers het hierdie laer prysse teengewerk. Die prys vir wyndruwe toon egter steeds belowende verbetering.
- Die volstruisbedryf lig stadig maar seker sy kop op. Die nou voltooide samesmelting van Klein Karoo Internasionaal en Mosstrich gaan hopelik lei tot verbeterde bedryfstoestande vir die produsente in hierdie bedryf.
- Vleisprysse het hierdie jaar effens teruggesak namate verbruikers weerstand gebied het teen hoë vleisprysse. Selfs die lae beskikbaarheid van skaap en bees vir die slagmark kon hierdie daling nie teenwerk nie.
- Die wol- en bokhaarbedryf het steeds gesukkel met uitvoer, alhoewel die protokol vir die hantering van wol ten einde die risiko vir die oordrag van bek-en-klouseer te verhoed die deur vir uitvoere weer kon oopkry.
- Die groentebedryf het ook 'n tydperk van bestendige prysse ervaar ten opsigte van meeste kontantgewasse.

SSK het ondanks die voortgesette droogte 'n goeie finansiële jaar beleef. Al het oorlaatskuld die hoogte ingeskiet, is oninbare skulde steeds die laagste van al ons konkurrente. Ons is baie dankbaar hiervoor. Daar word dinamies planne beraam om aan elkeen van ons Lede se unieke finansieringsbehoeftes te voldoen en die samewerking wat ons in hierdie verband van sommige handelsbanke ontvang, is prysenswaardig. Die verkoop van SSK se Pioneer Voedsel-aandele het na jaareinde plaasgevind

en die strategie vir die aanwending van hierdie fondse is reeds in plek en word dienooreenkomsdig uitgevoer. Op Groepvlak is die netto resultate in lyn met die vorige jaar en SOILL het weer wesenlik bygedra tot hierdie syfer. Ongelukkig het Walts Malting se verlies vir die jaar SSK en die Groep se resultate weereens negatief beïnvloed. Behalwe vir Walts Malting, het Eureka Mills, Procuro Grain, Softlutions en Blinkbeleg Vyftien ook netto verliese gerealiseer. Die vooruitsigte vir hierdie filiale blyk wel goed te wees en ons hoop op wesenlik verbeterde syfers vir die 2021 finansiële jaar. SSK se finansiële posisie is steeds gesond en ons prestasie goed onder moeilike omstandighede. Ons kon ook weereens met gemak voldoende finansiering vir ons en ons Lede se bedrywigheid verkry. Die meeste bedryfsafdelings het goeie resultate gelewer. Die Graan-, Saad-, Versekerings-, Veevoervervaardigers- en Handelsafdelings was almal winsgewend, met slegs die Meganisasie-afdeling wat weer 'n verlies gerealiseer het. Grootstaalse herstrukturering het in die laaste gedeelte van die jaar by Meganisasie plaasgevind.

Ledetalle groei steeds voortdurend, met veral landbouers van die Tuinroete, Karoo en Oos-Kaap wat die voordele van lidmaatskap wil geniet. Soos laasjaar gemeld, word slegs die bruto wins van direkte verkope sedert 1 Maart 2017 as omset getoon. Hierdie verandering het slegs SSK se syfers t.o.v. omset en koste van verkope afwaarts aangepas, met geen effek op die bruto wins nie. Die waarde van sake gedoen op Groepvlak is die hoogste ooit, teen meer as R4.5 miljard.


Op 'n tegnologiese vlak is gebou op die goeie infrastruktuur en argitektuur van SSK se sagteware- en hardewarestruktuur. 'n VOIP-stelsel is firmawyd met groot sukses uitgerol. Wesenlike besparings word gerealiseer deur die funksionaliteit van die voorraadbestelprogram, met veral onnodige voorraadhouding en gevolglik drakoste wat hier noemenswaardig afgeneem het. Wesenlike koste word aan ons inligting- en tegnologie-infrastruktuur spandeer en ons glo u, as Lid, kan reeds die rendement op hierdie spandering tasbaar geniet.

Gegewe die uitgerekte droogte wat steeds gedurende die 2020 finansiële jaar ondervind is, is die resultate van SSK uitstekend. Onder moeilike omstandighede vir beide SSK se Lede en die organisasie is die finansiële posisie van die onderneming uitgebou en verbeter. Die bydrae van SSK se filiale om die diversifikasie van SSK se oorhoofse besigheidsrisiko's te bewerkstellig, het in sommige gevalle nog skaafwerk nodig, maar SSK neem berekende risiko's met ons doelstellings altyd as primêre dryfveer. Die Direksie, Bestuur en Personeel het deurlopend 'n positiewe ingesteldheid gehandhaaf en het gepoog om deurentyd hul fokus op die behoeftes van ons Lede en kliënte te hou. SSK se Lede, Direksie, Bestuur en Personeel het hard saamgewerk om hierdie resultate moontlik te maak onder moeilike omstandighede en ons wil almal vir hul bydrae hiertoe bedank. **Werk saam, wen saam!** SSK se Direksie, Bestuur en Personeel bly toegewyd tot die ondersteuning van ons Lede en hul onderskeie boerderye en is dankbaar vir die ondersteuning wat ons Lede ons bied. Ons bly nederig dankbaar teenoor ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons onverdienstelik uit Sy hande ontvang het.

TOTALE OMSET

Die totale omset met Lede en klante het afgeneem vanaf R1 953 070 352 in die 2019 finansiële jaar tot R1 882 535 127 in die 2020 finansiële jaar – 'n afname van 3.6%. Die afname is inlyn met die moeilike natuur- en handelstoestande wat ondervind is. Die waarde van sake gedoen het egter marginaal met 3.1% gestyg vanaf R2 588 333 721 in 2019 tot R2 668 074 941 in 2020.

TOTALE OMSET



NETTO INKOMSTE / VERDELING VAN SURPLUS

Die Koöperasie se bedrywighede het 'n netto inkomste voor belasting vir die jaar van R51 952 138 (2019 – R49 793 371) tot gevolg gehad. Ingesluit in hierdie syfers is 'n dividend van R28 000 000 van Tuinroete Agri vir beide finansiële jare, asook 'n eenmalige dividend vanaf Blinkbeleg Vyftien (via Sentraal-Suid Beleggings) ten bedrae van R1 400 000 in die huidige jaar as deel van die proses om die onderneming te ontbind. Daar is ook 'n R1 440 000 dividend ontvang vanaf Riparian Investments Consortium 1 (via Sentraal-Suid Beleggings) na die verkoop van dié onderneming se belang in Pioneer Foods en Quantum Foods Holdings.

Inkomstebelasting beloop R3 298 961 (2019 – R1 273 509) en die toename in die voorsiening vir uitgestelde belasting beloop R1 250 038 (2019 – R2 560 130). Die netto inkomste na belasting, maar voor bonusse, beloop dus R63 403 139 (2019 – R50 959 732). Die surplus word soos volg verdeel:

Ledebonusse	R16 000 000
Uitgestel	R12 800 000
Kontant	R3 200 000
Reserwes	R47 403 139

BEDRYFSREKENINGE


2020

2019

	Omset R	Bruto wins R	Bruto wins %	Netto wins/ (verlies) na belasting	Omset R	Bruto wins/ (verlies) R	Bruto wins %	Netto wins/ (verlies) na belasting
Werkswinkels	21 172 370	13 210 626	62%	(13 306 881)	28 583 681	16 147 968	56%	(11 308 812)
Versekerings	12 888 775	12 888 612	100%	2 903 588	11 591 321	11 590 522	100%	2 166 488
Handel	1 241 914 870	181 659 487	15%	26 544 081	1 254 583 380	163 276 744	13%	10 598 625
Meganisasië bemarking	102 754 687	5 754 542	6%	(4 576 474)	117 490 053	6 834 171	6%	(5 031 756)
Onderdele	29 906 600	5 398 285	18%	(2 055 650)	30 857 537	4 909 993	16%	(1 542 101)
Saad	89 261 839	20 200 553	23%	8 325 734	90 767 589	20 853 852	23%	9 263 969
Graan	217 472 336	77 161 897	35%	5 712 489	274 933 619	67 337 081	24%	2 450 011
Veevoere	169 102 810	29 006 433	17%	5 620 990	144 940 867	25 700 796	18%	6 585 964
Administrasie	(939 160)	(222 309)	Nvt	34 235 252	(677 695)	(213 218)	Nvt	37 777 342
Netto wins na belasting voor Ledebonusse				63 403 139				50 959 732
Ledebonusse verklaar				(16 000 000)				(5 000 000)
Totaal	1 882 535 127	345 058 127	18%	47 403 139	1 953 070 351	316 437 910	16%	45 959 732

BRUTO WINS PER DOELSTELLING

Die verhouding van bruto wins per doelstelling tot die totale bruto wins voor Ledebonusse ten bedrae van R345 058 127 (2019 – R316 437 910) (uitgesluit die bruto wins van Administrasie) is soos volg:



TOTALE UITGAWES

Totale uitgawes (administratiewe- en bedryfsuitgawes) het in die jaar onder oorsig met 6.15% gestyg. Dit is in ooreenstemming met die begrote syfers en is grotendeels gedryf deur die verhoogde koste verbonde aan voertuig-herstelkoste en brandstof, bedryfshire, water en elektrisiteit, waardevermindering, voorsiening vir die waardedaling van korttermynlenings, slechte skuld, versekerings, verpakkingsmateriaal en personeelkoste.

WAARDETOEVOEGING TOT BELANGHEBBENDES

	%	2020 R	2019 R	%
Omset		1 882 535 127	1 953 070 352	
Netto kosprys van produkte en dienste		1 475 169 437	1 564 359 065	
Waarde toegevoeg		407 365 690	388 711 287	

Soos volg aangewend:

Werknemers	43.40	176 785 566	169 247 011	43.54
Lone/Salarisse	40.63	165 519 699	156 020 134	40.14
Aansporingsbonusse	3.07	12 505 867	13 556 877	3.49
Na-aftrede mediese koste	(0.30)	(1 240 000)	(330 000)	(0.08)
 Kapitaalverskaffers	24.45	99 617 622	89 312 350	22.98
Rente	23.67	96 417 622	88 312 350	22.72
Bonusse uitbetaal	0.79	3 200 000	1 000 000	0.26
 Toevoeging van bates	9.22	37 563 324	41 482 798	10.67
Waardevermindering	6.81	27 754 241	23 228 326	5.98
 Herbelê in besigheid	15.00	61 095 939	61 607 163	15.85
Reserwes	11.86	48 295 939	57 607 163	11.88
Bonusse uitgestel	3.14	12 800 000	4 000 000	1.03
 Inkomstebelasting	1.12	4 548 998	3 833 639	0.99
		407 365 690	388 711 287	

DEBITEURE


Oorlaatskuld het aansienlik toegeneem tot R486 659 571 (2019 – R311 500 936). Die toename kan toegeskryf word aan die natuurtoestande wat in die breër bedieningsgebied geheers het gedurende die periode. Die wydverspreide droogte het druk geplaas op die opbrengste van alle landbouprodukte. Daar is vanjaar debiteure ten bedrae van R1 462 935 (2019 – R384 689) as oninbaar afgeskryf. Die totale voorsiening vir twyfelagtige skuld was op jaareinde R2 136 558 (2019 – R1 977 806). Hierdie goeie syfers is noemenswaardig gegewe die omvang van die debiteureboek.

BELANGRIKE FINANSIEËLE VERHOUDINGS

Die volgende verhoudings is belangrike maatstawwe waarmee die finansiële toestand gemeet kan word:

	2020	2019
Netto winsgewendheid	2.52%	2.35%
Opbrengs op ekwiteit	6.17%	6.87%
Skuld : Ekwiteit	1.94	2.01
Rentedraende skuld : Ekwiteit	1.56	1.59
Bedryfskapitaal	1.26	1.03

KAPITAALBRONNE



FILIALE

Die prestasie van die filiaalmaatskappye (direkte en indirekte belang), die gesamentlike onderneming en geassosieerde maatskappye vir die jaar onder oorsig, is soos volg:

	Omset	Bruto wins/ (verlies)	Netto wins
Blinkbeleg Vyftien (Edms) Bpk	127 971	127 971	(22 625)
Eureka Mills (Edms) Bpk	51 129 853	10 115 962	(1 632 931)
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	272 221 711	15 460 010	571 835
Procuro Grain (Edms) Bpk	12 125 144	8 193 398	(1 064 375)
Riparian Investments Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	2 446 690
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	722 223	722 223	5 245 904
Softlutions (Edms) Bpk	3 888 001	3 888 001	(2 797 471)
Southern Oil (Edms) Bpk Groep	1 570 715 312	301 632 129	67 760 249
Swellen Mark (Edms) Bpk	11 688 030	11 688 030	2 582 123
Technifarm (Edms) Bpk	11 103 099	3 957 627	626 838
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	–	–	9 847 953
Walts Malting (Edms) Bpk	10 551 721	1 584 229	(5 266 786)
2019			
Blinkbeleg Vyftien (Edms) Bpk	577 800	577 800	274 202
Eureka Mills (Edms) Bpk	45 578 261	8 873 133	258 958
Hessequa Abattoir (Edms) Bpk	250 205 122	11 877 936	162 111
Procuro Grain (Edms) Bpk	9 121 856	9 096 760	(572 336)
Riparian Investments Consortium 1 (Edms) Bpk	–	–	(44 526 905)
Sentraal-Suid Beleggings (Edms) Bpk	178 200	178 200	47 052
Softlutions (Edms) Bpk	4 502 656	4 502 656	514 730
Southern Oil (Edms) Bpk	1 443 850 483	250 511 799	61 876 296
Swellen Mark (Edms) Bpk	10 784 986	10 784 986	2 967 509
Technifarm (Edms) Bpk	14 501 809	5 252 500	1 243 495
Tuinroete Agri (Edms) Bpk	–	–	16 218 220
Walts Malting (Edms) Bpk	5 338 298	(861 910)	(11 076 169)

GRAAN


Graanaanplantings in die 2019/20 finansiële jaar het vir die eerste keer in 'n paar jaar weer toegeneem na redelike gunstige omgewingstoestande tydens planttyd.

Min reën en abnormale hitte, gepaardgaande met warm droë winde, het egter veroorsaak dat toestande algaande verswak het. Hierdie omstandighede het regdeur die winter voorgekom en Augustus en September tydens kritiese aarvulling was basies reënloos. Dit het opbrengspotensiaal en kwaliteit oor die hele SSK-gebied 'n baie groot knou gegee.

HEKTARE GEPLANT

Hektare in SSK bedieningsgebied geplant (vanaf 2015 word Riversdal, Albertinia en Herold ingesluit).


HEKTARE GEPLANT



GRAANONTVANGSTES

Graanontvangstes in SSK silo's (vanaf 2015 word Riversdal, Albertinia en Herold ingesluit).

GRAANONTVANGSTES




Graanlewering was van so 'n omvang dat SSK se opbergingsfasiliteite baie swak benut was. Dit het geleenthede beperk en baie druk geplaas op die Graanafdeling wat uit die aard van die saak 'n baie hoë vastekoste-element het om te onderhou.

SAAD

SSK se saadverkope gaan steeds van krag tot krag. Kompeterende pryse, goeie diens, beskikbaarheid van kultivars en goeie kwaliteit saad verseker ondersteuning van kliënte oor 'n wye front en 'n beduidende deel van die afdeling se omset is deesdae van buite SSK se normale bedieningsgebied.

SAADVERKOPE



TOEKOMSBLIK

SSK se Lede het nog 'n moeilike jaar beleef weens ongunstige weerstoestande en lae reënvalsyfers. Die landbou-sektor in SSK se bedieningsgebied se ekonomiese weerbaarheid is die afgelope jaar verder afgetakel deur die droogte en ook die ekonomiese insinking. Die onsekerheid van hoe lank dit gaan neem vir die ekonomie om te herstel weens die COVID-19 pandemie is seker 'n verdere vraag wat niemand kan antwoord nie. Landbou se winsgewendheid is reeds die afgelope drie jaar aan die daal en die skuldverhouding verswak skerp. Die risiko is dat wanneer rentekoerse oor 'n jaar of drie in 'n stygfase inbeweeg, gaan sake knyp. Dit is dus belangrik om jou skuldas sover moontlik goed te bestuur en te poog om jou skuld opvlakte te hou waarop die boerdery dit kan diens. 'n Strategiese fokus vir SSK is steeds, en sal ook in die komende jaar wees, om ons Lede se skuldas saam met hulle te bestuur.

Sterk ekonomiese groei is 'n voorvereiste vir werk en welvaartskepping wat besteding aan voedsel, drank en klerasie sal stimuleer en landbou direk sal bevoordeel. Dit is wat landbou nodig het.

Nader aan ons eie besigheid, SSK het ondanks die voortgesette droogte 'n goeie finansiële jaar beleef. Oorlaatskuld van ons Lede het in die finansiële state onder oorsig, weens ekonomiese omstandighede drasties toegeneem. Oninbare skulde is egter steeds op baie lae vlakke. Die meeste bedryfsafdelings het goeie resultate gelewer vir die jaar onder oorsig. SSK sal in die komende jaar ook voortbou daarop om uitgawes tot die minimum te beperk, maar nie ten koste van diens aan ons Lede nie.

SSK se finansiële posisie is gesond. Die waarde van sake gedoen op Groepvlak is die hoogste ooit, teen meer as R4.5 miljard. Die vooruitsigte vir ons filiale is goed en ons sien uit na verdere verbeterde resultate vir die 2021 finansiële jaar.

SSK se Direksie en Bestuur is steeds oortuig dat die koöperatiewe model die mees relevante besigheidsvorm is om langtermyn-volhoubaarheid in die landbou te verseker. Ledetalte groei steeds, veral vanuit die Tuinroete, Karoo en Oos-Kaap gebiede.

SSK se Direksie, Bestuur en Personeel sien met vertroue uit na die komende jaar en erken met nederigheid ons afhanklikheid teenoor ons Hemelse Vader.

SENTRAAL-SUID CO-OPERATIVE LTD AND ITS SUBSIDIARIES FINANCIAL MANAGEMENT REVIEW 2020

BACKGROUND

Every year one looks back, thinking that more unusual circumstances could most certainly not occur again. Well, 2020 did not disappoint here, particularly the events after year end. The impact of the COVID-19 pandemic on people around the world as well as the global economic downturn it has caused is the topic of the day. How long it will take to overcome the effects of this pandemic is still too early to guess, but that the effect is going to be substantial, is a certainty. Along with this, at the time of writing, global chaos is raging, with protests and riots a daily occurrence in the largest cities in the world, unleashed by racial tensions in America and the US police positioned in the midst of the storm. The trend of democratic elections favouring autocratic unconventional leaders is simply continuing and is surely an indication that the citizens of many countries are fed up with the political status quo. That these actions are dangerous is certain, as can be seen in the leadership of Pres. Jair Bolsonaro of Brazil, Pres. Donald Trump of the US and Prime Minister Boris Johnson of the United Kingdom. The latter country has officially left the EU and only time will tell whether this decision has been the right one. Economically it is evident that it is not. If we take a step back, it is not far-fetched that the path being followed could possibly lead to material confrontation in the foreseeable future.

The Rand was one of the big losers of the COVID-19 pandemic, with Moodys who could not have planned their downgrade to junk status at a more inopportune time. Hard commodity prices (with the exception of gold) have remained largely unchanged over the past year and most mining houses have welcomed this situation to bring more stability to their share prices. Pres. Ramaphosa's inclusive leadership is heavily criticised, with many analysts saying that his preference for consensus decision-making overshadows the effectiveness of his leadership. Little progress is shown in areas where the need is greatest. The investigations into the corruption that took place during the term of former Pres. Jacob Zuma are progressing at a frustratingly slow pace. There is little political will to drive it. SAA is in business rescue and with no aircraft in the air for the last few months the outlook is indeed very bleak. There is some progress at Eskom, but whether it is too late to save the faltering energy supplier, we will soon be able to see. That the world, and South Africa in particular, is now in dire need of co-operation, is obvious. How else are we going to win together?

The Rand's weakening against the Dollar was brutal and it is currently trading (June 2020) at R17.03 against the Dollar. It is 15% weaker than last year this time. This, naturally, leads to increased cost of imports, with the result that the local economy has imported less because the demand for these products and services has decreased significantly. The effect of the uncertainty over food supply in these confusing times can be seen in the prices of agricultural commodities. This led to large increases in the prices of grain commodities, with the price of wheat in particular rising substantially. This is a welcome prospect for the producers of these commodities in South Africa, but bad news for consumers of flour and other linked agricultural products.

No progress has been made with the proposed amendment of the constitution to provide for expropriation of land without compensation. The implementation of this, and the wording of this amendment, still need to be announced. This uncertainty results in farmers and other businesses in the agricultural value chain being reluctant to engage in large-scale capital investment.

SSK's service area experienced yet another year of extremely adverse weather conditions, with particularly low rainfall being widely reported. Dam levels are still under pressure and livestock farmers in particular are suffering from the additional feed cost to maintain their core herds. The new grain planting season has now been completed and welcome rain fell in the Southern Cape at the end of May and early June. The grain germination has been good, and the biting cold that is currently being experienced is excellent for the grain at this stage of growth.

Prospects currently indicate increased local wheat and canola prices. However, there is uncertainty about the demand for malting barley. The impact of the alcohol ban during the national lockdown was a blow to AB InBev's barley consumption. Prospects for some of the other agricultural sectors are as follows:

- The dairy industry had a difficult year, although feed prices remained mostly stable. The water shortages due to the drought have put pastures under pressure.
- The fruit and wine industries experienced average crops, especially given the water shortage that led to protective farming practices, resulting in lower yields. International fruit prices have dropped, but the massive weakening in the exchange rate has offset these lower prices. The price for wine grapes, however, still shows promising improvement.
- The ostrich industry is slowly but surely lifting its head. It is hoped that the now completed merger of Klein Karoo International and Mosstrich will lead to improved trading conditions for producers in this industry.
- Meat prices fell slightly this year as consumers resisted high meat prices. Even the low availability of sheep and cattle for the slaughter market could not neutralise this decline.
- The wool and mohair industry continued to struggle with exports, although the protocol for handling wool to prevent the risk of foot-and-mouth disease could re-open the door for exports.
- The vegetable industry also experienced a period of steady prices for most cash crops.

In spite of the ongoing drought, SSK experienced a good financial year. Even though carry-over debt has skyrocketed, bad debts are still the lowest of all our competitors. We are very grateful for this. There are dynamic plans in place to meet each of our Members' unique financing needs and the co-operation we received here from some commercial banks is commendable. The sale of SSK's Pioneer Foods Group shares took place after year end and the strategy for the utilisation of these funds is already in place and is being implemented accordingly. At Group level the net results are in line with the previous year and SOILL again contributed substantially to this figure. Unfortunately, Walts Malting's loss for the year once again had a negative impact on SSK and the Group's results. In addition to Walts Malting, Eureka Mills,



Procurop Grain, Softlutions and Blinkbeleg Vyftien also realised net losses. The outlook for most of these subsidiaries appears to be good and we hope for substantially improved results for the 2021 financial year. SSK's financial position is still sound and our performance strong under difficult circumstances. Once again, we were able to obtain sufficient funding for our and our Members' operations with ease. Most operating divisions delivered good results. The Grain, Seed, Insurance, Feed Manufacturers and Retail divisions were all profitable, with only the Mechanisation division again realising a loss. Large-scale restructuring took place at Mechanisation during the latter part of the financial year.

Membership continues to grow, with farmers from the Garden Route, Karoo and Eastern Cape areas in particular looking to enjoy the benefits of membership. As reported last year, since 1 March 2017 only the gross profit from direct sales is shown as turnover. This change only adjusted SSK's turnover and cost of sales figures downwards, with no effect on gross profit. The value of business conducted at Group level is the highest ever, at more than R4.5 billion.

On a technological level, more improvements have been made to the good infrastructure and sound architecture of SSK's software and hardware structure. A VOIP system has been rolled out throughout the firm with great success. Significant savings are being realised through the inventory ordering program's functionality, with unnecessary inventory holding and consequently carrying costs decreasing significantly. Significant investments have been made in our information and technology infrastructure and we believe that you, as Member, have already started to enjoy a tangible return on this.


Given the prolonged drought that was experienced during the 2020 financial year, SSK's results are excellent. Under difficult circumstances for both SSK's Members and the organisation, the financial position of the Company was expanded and improved. The contribution of SSK's subsidiaries to the diversification of SSK's overall business risks is in some cases a work-in-progress, but SSK always takes calculated risks, with our over-arching goals as the primary driver. The Board of Directors, Management and Staff have maintained a positive attitude throughout and have endeavored to continuously focus on the needs of our Members and clients. SSK's Members, Board of Directors, Management and Staff have worked hard to make these results possible under difficult circumstances and we would like to thank everyone for their contribution. **Work together, win together!**

SSK's Board of Directors, Management and Staff remain dedicated in their support of our Members and their respective farming operations and are grateful for the loyal support of our Members. We humbly remain grateful to our Heavenly Father for all the blessings we have received so undeservedly from His hands.

TOTAL TURNOVER

The total turnover with Members and customers decreased from R1 953 070 352 in the 2019 financial year to R1 882 535 127 in the 2020 financial year. This represents a decrease of approximately 3.6%. The decrease is representative of the climatic and trading conditions experienced. The value of business conducted, however, marginally increased by 3.1% from R2 588 333 721 in 2019 to R2 668 074 941 in 2020.

TOTAL TURNOVER



NET INCOME / APPROPRIATION OF SURPLUS

The Co-operative's operations resulted in a net income before tax for the year of R51 952 138 (2019 – R49 793 371). Included in this figure is a dividend of R28 000 000 from Tuinroete Agri in both of the financial years, as well as a once-off dividend of R1 400 000 from Blinkbeleg Vyftien (via Sentraal-Suid Beleggings) in the current year as part of the process to unwind the business. A dividend of R1 440 000 was also received from Riparian Investments Consortium 1 (via Sentraal-Suid Beleggings) after the sale of its holdings in both Pioneer Foods and Quantum Foods Holdings.

Income tax amounted to R3 298 961 (2019 – R1 273 509) and the increase in deferred tax provision amounted to R1 250 038 (2019 – R2 560 130). The net income after tax, but before Member bonuses, amounted to R63 403 139 (2019 – R50 959 732). The surplus was divided as follows:

Member bonuses	R16 000 000
Deferred	R12 800 000
Cash	R3 200 000
Reserves	R47 403 139


OPERATIONAL ACCOUNTS

	2020				2019			
	Turnover R	Gross profit R	Gross profit %	Net profit/ (loss) after tax	Turnover R	Gross profit R	Gross profit %	Net profit/ (loss) after tax
Workshops	21 172 370	13 210 626	62%	(13 306 881)	28 583 681	16 147 968	56%	(11 308 812)
Insurance	12 888 775	12 888 612	100%	2 903 598	11 591 321	11 590 522	100%	2 168 489
Retail	1 241 914 870	181 659 487	15%	26 544 081	1 254 583 380	163 276 744	13%	10 598 625
Mechanisation marketing	102 754 687	5 754 542	6%	(4 576 474)	117 490 053	6 834 171	6%	(5 031 756)
Spares	29 906 600	5 398 265	18%	(2 055 650)	30 857 537	4 909 993	16%	(1 542 101)
Seed	88 261 839	20 200 553	23%	8 325 734	90 767 589	20 853 852	23%	9 263 969
Grain	217 472 336	77 161 897	35%	5 712 489	274 933 619	67 337 081	24%	2 450 011
Animal feeds	169 102 810	29 006 433	17%	5 620 990	144 940 867	25 700 796	18%	6 585 964
Administration	(939 160)	(222 309)	N/a	34 235 252	(677 695)	(213 218)	N/a	37 777 342
Net profit after tax before bonuses				63 403 139				50 959 732
Member bonuses declared				(16 000 000)				(5 000 000)
Total	1 882 535 127	345 058 127	18%	47 403 139	1 953 070 351	316 437 910	16%	45 959 732

GROSS PROFIT PER DIVISION

The ratio of gross profit per division to the total gross profit before Member bonuses in the amount of R345 058 127 (2019 – R316 437 910) (excluding the gross profit of administration) was as follows:

TOTAL EXPENDITURE



Total expenditure (administrative and operational) has increased by 6.15% during the year under review. This is in line with budgeted figures, with the majority of the increases originating from the increased cost in vehicle repairs and fuel costs, operating leases, water and electricity, depreciation, provision for the fair value impairment of short-term loans, bad debts, insurance, packaging and personnel costs.

VALUE ADDED TO STAKEHOLDERS

	%	2020 R	2019 R	%
Turnover		1 882 535 127	1 953 070 352	
Net cost price of products and services		1 475 169 437	1 564 359 065	
Value added		407 365 690	388 711 287	

Utilised as follows:

Employees	43.40	176 785 566	169 247 011	43.54
Wages/Salaries	40.63	165 519 699	156 020 134	40.14
Incentive bonuses	3.07	12 505 867	13 556 877	3.49
Post-retirement medical cost	(0.30)	(1 240 000)	(330 000)	(0.08)
Capital providers	24.45	99 617 622	89 312 350	22.98
Interest	23.67	96 417 622	88 312 350	22.72
Bonuses paid out	0.79	3 200 000	1 000 000	0.26
Addition of assets	9.22	37 563 324	41 482 798	10.67
Depreciation	6.81	27 754 241	23 228 326	5.98
Re-invest in business	15.00	61 095 939	61 607 163	15.85
Reserves	11.86	48 295 939	57 607 163	11.88
Deferred bonuses	3.14	12 800 000	4 000 000	1.03
Income tax	1.12	4 548 998	3 833 639	0.99
		407 365 690	388 711 287	

DEBTORS

Carry-over debt increased significantly to R486 659 571 (2019 – R311 500 936). The increase can be attributed to the climatic conditions prevalent throughout the greater service area during the year under review. The widespread drought has put pressure on the yields of all agricultural products. Debtors amounting to R1 462 935 (2019 – R384 689) have been written off as irrecoverable. The total provision for doubtful debts was R2 136 558 (2019 – R1 977 806) at year end. These good results are significant given the size of the debtors' book.

IMPORTANT FINANCIAL RATIOS


The following ratios are important measurements with which the financial condition can be measured:

	2020	2019
Net profitability	2.52%	2.35%
Return on equity	6.17%	6.87%
Debt : Equity	1.94	2.01
Interest-bearing debt : Equity	1.56	1.59
Current ratio	1.26	1.03

CAPITAL SOURCES

SOURCES OF CAPITAL

SUBSIDIARIES



The performance of the subsidiary companies (direct and indirect interest), joint venture and an associated company for the year under review was as follows:

	Turnover	Gross profit/ (loss)	Net profit/ (loss)
Blinkbeleg Vyftien (Pty) Ltd	127 971	127 971	(22 625)
Eureka Mills (Pty) Ltd	51 129 853	10 115 962	(1 632 931)
Hessequa Abattoir (Pty) Ltd	272 221 711	15 460 010	571 835
Procuro Grain (Pty) Ltd	12 125 144	8 193 398	(1 064 375)
Riparian Investments Consortium 1 (Pty) Ltd	–	–	2 446 690
Sentraal-Suid Beleggings (Pty) Ltd	722 223	722 223	5 245 904
Softlutions (Pty) Ltd	3 888 001	3 888 001	(2 797 471)
Southern Oil (Pty) Ltd Group	1 570 715 312	301 632 129	67 760 249
Swollen Mark (Pty) Ltd	11 688 030	11 688 030	2 582 123
Technifarm (Pty) Ltd	11 103 099	3 957 627	626 838
Tuinroete Agri (Pty) Ltd	–	–	9 847 953
Walts Malting (Pty) Ltd	10 551 721	1 584 229	(5 266 786)
2019			
Blinkbeleg Vyftien (Pty) Ltd	577 800	577 800	274 202
Eureka Mills (Pty) Ltd	45 578 261	8 873 133	258 958
Hessequa Abattoir (Pty) Ltd	250 205 122	11 877 936	162 111
Procuro Grain (Pty) Ltd	9 121 856	9 096 760	(572 336)
Riparian Investments Consortium 1 (Pty) Ltd	–	–	(44 526 905)
Sentraal-Suid Beleggings (Pty) Ltd	178 200	178 200	47 052
Softlutions (Pty) Ltd	4 502 656	4 502 656	514 730
Southern Oil (Pty) Ltd	1 443 850 483	250 511 799	61 876 296
Swollen Mark (Pty) Ltd	10 784 986	10 784 986	2 967 509
Technifarm (Pty) Ltd	14 501 809	5 252 500	1 243 495
Tuinroete Agri (Pty) Ltd	–	–	16 218 220
Walts Malting (Pty) Ltd	5 338 298	(861 910)	(11 076 169)

GRAIN


For the first time in a few years, grain hectares planted in the 2019/20 financial year increased again to reasonably favourable environmental conditions during planting.

However, little rain and abnormal heat accompanied by hot dry winds caused conditions to deteriorate gradually. These conditions occurred throughout the winter and during August and September, during critical vein filling, it was basically rainless. This had a negative impact on yield potential and quality throughout SSK's service area.

HECTARES PLANTED

Hectares sowed/planted in SSK's service area (since 2015 Riversdale, Albertinia and Herold are included).


HECTARES PLANTED



GRAIN INTAKE

Grain intake in SSK's Silos (since 2015 Riversdale, Albertinia and Herold are included).

GRAIN INTAKE




Grain yields were of such a magnitude that SSK's storage facilities were underutilised for a second year in a row. Only Swellendam and, to a lesser extent Heidelberg Silo, experienced grain intakes that were close to its existing storage capacity.

SEED

SSK's seed sales are still going from strength to strength. Competitive prices, good service, availability of cultivars and good quality seed ensure customer support over a wide front and a significant part of the division's turnover is nowadays outside of the normal service area of SSK.

SEED SALES





FUTURE VIEW

SSK's members had another difficult year due to adverse weather conditions and low rainfall. The economic resilience of the agricultural sector in SSK's greater service area has been further dismantled in recent years by the drought and also the economic slump. The uncertainty of how long it will take for the economy to recover from the COVID-19 pandemic is another question no-one can answer. Agriculture's profitability has been declining for the past three years and the debt ratio has deteriorated sharply. The risk is that when interest rates move into a rising phase over a year or three, the pinch will be felt.

It is therefore important to manage your debt burden as much as possible and to try to keep your debt at levels which the farming operations can service. A strategic focus for SSK remains, and will continue to be, to manage our Members' debt burden with them in the coming year.

Strong economic growth is a pre-requisite for job and wealth creation that will again stimulate spending on food, liquor and clothing and directly benefit agriculture. This is what agriculture needs.

Closer to our own business, SSK experienced a good financial year despite the ongoing drought. Carry-over debt of our Members has increased dramatically in the financial year under review due to economic and climatic conditions. However, bad debts are still at very low levels. SSK's financial position is sound. Most operating divisions delivered good results for the year under review and in the coming year, SSK will also build on minimising expenses, but not at the expense of service to our Members.

The value of doing business at Group level is the highest ever, at over R4.5 billion. The outlook for our subsidiaries is good and we look forward to further improved results for the 2021 financial year.

SSK's Board of Directors and Management are still convinced that the co-operative model is the most relevant business form to ensure long-term sustainability in agriculture. Membership numbers continue to grow, especially from the Garden Route, Karoo and Eastern Cape areas.

SSK's Board of Directors, Management and staff look forward with confidence to the coming year and humbly acknowledge our dependence on our Heavenly Father.



SSK het 'n wesenlike belang in die volgende entiteite:

SSK has a material interest in the following entities:

